

'n Koninkrykskind spits sy lewe toe op God se vrede

Om 'n dienskneg in God se koninkryk te wees, beteken om 'n vrygemaakte mens te wees. Dit klink na 'n moeilike saak om te verstaan. 'n Dienskneg moet tog onderdanig wees. Dit is immers die landheer, die eienaar van die slawe wat die vryman is. As 'n dienskneg egter vrygemaak word is hy mos nie meer 'n slaaf nie!

Dit is juis hierdie spanning wat Paulus in Romeine 14 onder die vergrootglas plaas. Hy wys daarop dat die Christen vrygemaak is, wat beteken dat hy sy plek moet ken. Om die saak te verduidelik gebruik Paulus 'n alledaagse voorbeeld – voedsel. In die vroeë kerk was dit juis 'n onderwerp wat tot baie frustrasie en konflik gelei het. Die gelowiges wat eers Jode was het 'n tradisie van voedselwette gehad wat deel van hulle godsdiens was. Dit het meegebring dat hulle nie saam met enigeen kon eet nie. Jesus het hierdie voedselwette self aangepak en gesê dat alle kos rein is (Mark 7:18, 19). Die Christene wat uit die heidendom gekom het en die Joodse lidmate se sienings en gewoontes het dus verskil.

Paulus probeer egter nie die spanning oplos deur kant te kies in die saak nie. Hy stel wel die beginsel wat leer dat alle Christene vrygemaak is en dus nie deur allerlei wette voorgeskryf kan word nie. Daarna beklemtoon hy die belangrikste saak wat die gelowiges as kompas kan gebruik, naamlik die koninkryk van God. Ons moet aan God gehoorsaam wees. Dit beteken dat ons in Christus vrygemaak is, maar hierdie vryheid maak ons diensknegte van mekaar en dit laat nie toe dat ons mekaar veroordeel of kritiseer oor sake soos eetgewoontes nie.

In God se koninkryk moet ons die klem laat val op die vrede en vreugde wat die Heilige Gees gee. So dien ons Christus en verkry ons die agting van die mense. Ware geloof laat 'n mens die regte dinge beklemtoon in die lewe. Dit is 'n eienskap van 'n koninkrykskind!

Sing: Psalm 4:3

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)